

PERSONALIA

NUWE PERSONEEL



*Mev. M.L. Ash
Tegniëse Assistent*



*Voor links na regs: Mej. E. du Toit (Kultuurhistorikus), Mej. G.N. Saaiman (Tegniëse Assistent), Mnr M.J. Fourie (Ambagsman)
Agter van links na regs: Mev. I.H. Christodoulou (Tikster), Mnr P.C. Zietsman (Plantekoloog)*

ODDS AND ENDS/ STUKKIES EN BROKKIES

Vereniging vir Kultuurgeskiedenis

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis is op 30 September 1982 te Pretoria gestig met die doel om kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika te bevorder en uit te bou deur die reël van vergaderings, konferensies en kursusse vir die bespreking van, en die onderrig en opleiding in al die aspekte van kultuur-geskiedenis. Verder wil die Vereniging navorsing oor die kultuurgeskiedenis en die publikasie en/of subsidiëring van wetenskaplike tydskrifte en ander publikasies stimuleer. Prof. P.G. Nel, departementshoof van Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, is as die eerste voorsitter verkies.

'n Algemene Jaarvergadering en Kongres van die Vereniging wat op 30 September en 1 Oktober 1983 by die Pioniersmuseum, Silverton, Pretoria gehou is, is deur mnre. J. Haasbroek en D. van der Bank van die Nasionale Museum bygewoon. Benewens 'n paneelbespreking oor "Streek- en kultuurgeskiedenis - 'n terrein verkenning" is 'n aantal interessante lesings aangebied, onder andere "Die Bybel in eie taal - 'n kultuurhistoriese perspektief", "Bladmusiek as kultuurhistoriese bron" en "Ruitersandbeelde van Suid-Afrika".

Aansoeke om lidmaatskap en navrae kan gerig word aan: Die Sekretaris, S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Posbus 2047, Pretoria, 0001. ○